sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING A LETTERKUNDE

## *ASEM* – Jan Vermeulen

### Algemene riglyne:

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat die naam korrek spel.*
- *Engelse woorde mag slegs aanvaar word indien dit so in die boek gebruik word.*
- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*
- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoorde beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*
- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is (Let wel: nie by opinie vrae nie bv. die ja of nee moet ooreenstem met die motivering).*
- *Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel beantwoord die vraag, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 1 BARRIES SE LEWE IN JOHANNESBURG

1.1 1.1.1 Paul het Barries as kind aangerand/geslaan/mishandel met 'n belt (gespe).
**EN**
Paul het hulle verlaat/verdwyn/weggegaan./Nooit weer van hom laat hoor nie./Paul het nie op Barries se kaartjies reageer nie.

1.1.2 Barries wil Paul (rottegif) gif gee./Rottegif in sy brandewyn gooi./Hy wou hom laat ly/pyn besorg. NIE doodmaak NIE.

1.1.3 Vera het verslae van die Welsyn gekry. (bl. 53)
**OF**
Hy het ophou drink. Hy het twee jaar laas gedrink/opgehou drink.
**OF**
Hy wou sy seun (Barries) sien.
**OF**
Vera en Paul het gereeld oor die telefoon gesels.

1.2 1.2.1 Barries se (17de) verjaarsdag.

1.2.2 (a) Barries het nie sy eie kar nie.
**OF**
Vera het nie vir Barries toegelaat om met haar kar te ry nie.
**OF**
Theo het 'n lisensie gehad.
**OF**
Theo het aangebied dat hulle met sy kar ry.
**OF**
Barries het nie 'n lisensie gehad nie./Barries het nie 'n rybewys gehad nie.

(b) Theo de Kock

1.2.3 Gold Miners Delight
**OF**
Rainbow Delight

1.2.4 Dagga /Cannabis/marijuana
**OF**
MDMA/Ecstasy (Slowboat)/ Durban Poison

1.2.5 'n Verkeerskonstabel/Verkeerskonstabel Kapoor/Suster Kapoor se man/ Spietkop/Meneer Kapoor/NIE polisieman NIE.

1.3 1.3.1 Barries het onsuiwer/gedokterde dwelms (met chemikalieë)/giftige dwelms/besoedelde dwelms gebruik. Barries het siek geword van die dwelms/te veel/baie dwelms geneem/vuil dwelms.
**OF**
Barries het 'n oordosis dwelms gebruik. Homself vergiftig met dwelms.

IEB Copyright © 2022

1.3.2 Onwettige besit van dwelms./Hy het dwelms aan hom gehad. (bl.35) Dagga/MDMA aan in sy sak gehad.

1.3.3 Barries moet vir die polisie sy kooppunte/dwelm verskaffers wys.

1.3.4 Kaptein Mfeka se **seun sit in die tronk**.
Hy het iemand aangerand wat later dood is.
Hy het 'n seun wat as gevolg van dwelms in die tronk beland het.
Barries herinner hom aan sy eie seun.
Kan NIE net sê Hy het 'n seun wat dwelms gebruik NIE.

1.3.5 Hy stuur sersant Schreuder/'n polisievrou/polisiebeampte om saam met Barries te ry.
Hy stuur iemand saam om seker te maak Barries klim nie af nie.

**VRAAG 2 'N NUWE BEGIN OP SEEPLAAS**

2.1 2.1.1 Paul se bakkie/kar/Isuzu/ 4x4 was stukkend/gebreek.
**OF**
Die bakkie se diff is af.

2.1.2 Stef wou nie dat Paul weer seerkry nie.
**OF**
Stef wou nie dat Barries moet kom inmeng op Seeplaas/met sy verhouding met Paul nie/ tussen hom en Paul moet kom nie.
**OF**
Stef wou nie dat Barries Paul se lewe kom omkrap/deurmekaar maak nie. Hy was bang Paul sal Barries bo hom verkies.
**OF**
Stef dink Paul skuld Barries niks nie.
**OF**
Stef was bang Barries gaan met sy verhouding met Olga inmeng.
**OF**
Hy hou nie van die manier waarop Barries met Paul praat nie./
Hy wou nie hê Barries moet moeilikheid maak nie./Hy was bang Paul begin weer drink.

2.1.3 (a) Paul se pa was 'n sleghalter/'n suiplap/'n moederslaner/ vroueslaner/te veel gedrink/alkoholis.
*(enige een)*

(b) Hulle is soos broers. NIE hulle het in dieselfde huis grootgeword.

2.1.4 Paul het die geld by sy oupa geërf/gekry. NIE pa NIE.

2.1.5 Skilder/verf/verf prentjies/skilderye. (NIE maak prentjies NIE)
Beeldhouwerk/maak beelde of standbeelde/ kleibeelde.

2.2 2.2.1 Paul laat 'n badkamer/toilet/spoeltoilet aan die huis aanbou/ toilet met 'n French-drain by die huis aangebou.

2.2.2 Barries sou graag krag/elektrisiteit wou laat aanlê/installeer/Eskom-krag.

2.3 **Paragraaf moet tussen 80–120 woorde lank wees**

- Stef en Olga het by 'n rehabilitasiesentrum (Donkin)/hospitaal vir malles/ malhuis/ psigiatriese hospitaal ontmoet/inrigting (nie net hospitaal/rehab nie).

- Olga was Stef se meisie/Barries blyk in haar/meisies belang te stel/Hy weet sy is aan seks verslaaf/Olga is baie jonger as hy/ hou daarvan om kaal in die son te lê/sy is losbandig/flankeer met mans/'n flerrie/slet/ promisku.

- Stef is jaloers **en** daarom dreig hy om Barries (met sy pylgeweer) te skiet/seer te maak/sal hom doodmaak (nie slaan nie)/hy is jaloers as Barries op 'n romantiese manier na Olga kyk (soos na Nico).

- Stef het terug by die huis <u>gekom</u>/daar <u>opgedaag</u>/hulle betrap/gevang/Stef het na Barries kom soek/hulle het Stef se Buggy buite hoor stilhou.

- Fillie het Stef gestamp toe hy vir Barries met die pylgeweer wou skiet.

- Olga het dwelms gebruik.
  **EN**
  … aan die slaap geraak.
  **OF**
  Barries het bang geword toe Olga hom dwelms wou gee,
  **WANT** Barries is nou skoon/het verander (gebruik nie meer dwelms nie). (bl. 238)
  **OF**
  Barries stel nie belang om seks met iemand, wat bewusteloos is/onder die invloed van dwelms is te hê nie.

**VRAAG 3 DIALOOG**

3.1 Sy kom gedurende die herfsvakansie/April vakansie/vakansie by my kuier.

3.2 Sy het ons verhouding verbreek/Haar na wil nie hê dat sy my moet sien nie.
**OF**
Sy gaan nou met Theo uit.

3.3 Nee, sy het my daar met 'n sambok weggejaag/probeer slaan.
<u>NIE sjambok/shambok NIE</u>
**OF**
Nee, sy het my 'n "woonstelrot" genoem/sy het my sleggesê/Sy het my blameer dat haar dogter in die ongeluk/ betrokke was.
**OF**
Nee, sy het my nie by die huis ingelaat nie./ Sy dink ek is 'n slegte invloed./
**OF**
Nee, sy het my nie toegelaat om met haar te praat nie.

IEB Copyright © 2022

3.4 Oom Charles wou nie hê ek moes enige kontak met hulle maak terwyl die hofsaak aan die gang was nie.
**OF**
Hulle gaan teen my getuig./Hulle blameer my omdat ek dwelms verskaf het.
**OF**
Ek mag nie met hulle gepraat het nie.
**OF**
Oom Charles dink ek is 'n slegte invloed.
**EN**
Hulle selfoonnommers het verander.

3.5 Sy het gesê dat ek myself moet vergewe.
**OF**
Sy het gesê dat ek nog 'n kans het om my ma te wys dat ek lief is vir haar.

3.6 Eunicé het hom Bart genoem omdat hy haar oë/gidshond is. Bartiméus kon weer sien nadat Jesus klei op sy oë gesmeer het. (NIE net Bybelverhaal NIE)

3.7 Ek het hom uit die see gered net soos Jona./Dit verwys na Jona in die Bybel wat deur 'n walvis ingesluk of uitgespoeg is./Hy het net soos Jona in die Bybel 'n 'n slegte ervaring in die see oorleef. (Nie net dit staan in die Bybel nie)

3.8 Paul het my belowe maar nooit die hond gekoop nie (gesê dat hy een sou koop)./Paul het weggegaan/vergeet van sy belofte/dit nie gedoen nie.
**EN**
Vera kon nie in die woonstel 'n hond aanhou nie, maar sy het vir my 'n papegaai/ Nelson/ visse gekoop om daarvoor te vergoed.

3.9 Omdat ek wou terug Johannesburg toe/my ma was in intensief na die aanval.
**OF**
Ek sou nie meer na hom kon kyk nie./Ek kon hom nie op die bus terug huis toe vat nie./Ek kan die vir Jona in die woonstel aanhou nie (honde nie toegelaat nie).
**OF**
Die hond het nie aan my behoort nie.
Ek vertrou nie vir Paul nie.

3.10 Dit was my teddie toe ek nog klein was./Dit was my teddie wat weggeraak het/wat Paul saam met hom gevat het toe hy weggegaan het.

3.11 Die tyd wat ek saam met Jona spandeer het, is meer werd/Jona het my gehelp/Ek het dit beskou as my sondeskuld/my boete wat ek moes betaal.

3.12 Dr. Jassie het ons gehelp om die beste moontlike sorg/voltydse sorg/ verpleegster/ 'n goeie kliniek/hospitaal vir my ma te kry/betaal.

3.13 Ja, ek sou skool los sodat ek na my ma kan kyk.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

**TEMA: Barries se verhouding met Paul Barnard**

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **Barries se verhouding met Paul Barnard**.

- Jou opstel moet 'n **inleiding en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asb. om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

**Inleidingsparagraaf**

**PARAGRAAF 1: Barries as baba**

- Vera is verkrag./Teen haar sin seks gehad/teen haar wil saamslaap.

- Paul is steriel/kon nie kinders kry nie./Barries was wonderwerk/ wonderkind.

- Paul het Barries leer loop, sy doeke omgeruil en gevoer, saans vir hom opgestaan bottel gegee/melk gegee/op sy bors laat slaap/saans vir hom opgestaan. (*enige een*)

- Vera het Paul die waarheid vertel toe hulle vir huweliksberading/berading/ terapie gegaan het. (Wanneer)/toe Barries 5 jaar oud was.

- Paul het gereeld vir Barries met die belt geslaan/aangerand. Paul het begin drink./Barries mishandel/aggressief geraak/gewelddadig.

- Vera het 'n interdik teen Paul gekry./Sy het polisie toe gegaan/brief van polisie gekry.

- Paul het 'n speurder/privaatspeurder gehuur. Hy het iemand gehuur/gekry om hom te soek. NIE net 'n polisieman NIE/privaat polisieman / iemand wat mense soek gehuur/ betaal.

- Paul het hom in 'n kroeg raakgeloop/drinkplek.
  **EN**
  Paul het hom aangerand/hom bewusteloos geslaan/geslaan tot hy bloeding op die brein gehad het. (NIE dood geslaan NIE.)
  Hy het hom geslaan en toe gaan hy later dood (hy is nie dadelik dood nie) die gevolg van Paul se aanranding is dat die man later dood is/slaan/op die slaap geslaan/uitgeslaan.

- Paul was 4 jaar in die tronk. (bl. 127)

**PARAGRAAF 2: Barries nadat Paul weggegaan het**

- Barries het elke jaar vir Paul 'n kaartjie/briefies gemaak/briewe/briefie/ boodskappe/nota/ pos gestuur.

- Paul het Barries se verjaarsdag op sy kalender (in die kombuis) geskryf gehad/ baba foto van Barries.
  **OF**
  Paul het Barries se Teddie
  **OF**
  kaartjies gehou.
  **OF**
  Vera het Paul van Barries vertel (foongesprekke).
  **OF**
  Paul wou hê Barries moes die Desembervakansie by hom kom kuier.

- Omdat Paul kon sterf as hy te veel rottegif inkry/doodmaak/doodgaan/ lewensgevaarlik.

- Paul sou Barries kon ondersteun op die sportveld./Hulle sou saam skaak kon speel/of saam kon oefen/krieket kyk/atletiek kyk/sport kyk.

**PARAGRAAF 3: Barries nadat hy op Seeplaas aangekom het**

- Paul het Barries vertel waar die buitetoilet is.
  **OF**
  Paul het hom iets (hoendersop)/voedselaanvullers gegee om te drink om te help met die voedsel-vergiftiging.
  **OF**
  Paul het hom bed toe gedra nadat hy inmekaargesak het./Hy het in 'n stoel voor sy bed geslaap.

- Hy het vir Barries uit die see/sloep gered/uit die poel geduik.
  Hy het Barries teruggedra huis toe.
  Hy het Barries gebad en warm aangetrek/room gesmeer/droë klere.
  Hy het Barries versorg/voor koolstoof laat lê
  Hy het Jona ook teruggedra huis toe.
  Hy het Barries se pantoffels en telefoon teruggebring huis toe.
  *(Enige twee antwoorde)*

- Paul wou Barries gaan help met Olga/Paul het uitgevind Olga gaan Johannesburg toe.
  Olga het Paul se pistool gesteel en was/op pad na Barries (lewensgevaarlik).

- Barries bly nou by Paul op Seeplaas.
  **OF**
  Paul betaal vir Fillie (sy vriend) se skoolgeld sodat hulle saam op skool kan wees.

IEB Copyright © 2022

**Slotparagraaf**

## D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

**Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

| | |
|---|---|
| **INHOUD (20)** | ***Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne.*** |
| **TAAL EN STRUKTUUR (5)** | **Struktuur: logiese vloei van aanbieding.**<br>**Taal, toon en styl gebruik in opstel.** |
| **5 punte** | Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit.<br>Taal: Puik |
| **4 punte** | Struktuur: Toepaslike inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit.<br>Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog. |
| **3 punte** | Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit.<br>Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed. |
| **2 punte** | Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; opstel hortend en vloei nie.<br>Taal: Oormatige taalfoute. |
| **1 punt** | Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend.<br>Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar. |

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.

2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

   Voorbeeld: Toespraak

   | | | | |
   |---|---|---|---|
   | Inhoud, beplanning en formaat | G | 6 | (uit 12) |
   | Taal, styl en redigering | G | 4 | (uit 18) |
   | | | **10** | **(uit 20)** |

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

   Skryf die punte soos volg neer:

   | | | |
   |---|---|---|
   | Inhoud : | G | 6 |
   | Taal : | G | 4 |
   | | | **10** |

   Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. 13 ÷ 2 = $\frac{6½}{\mathbf{10}}$

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| // | Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan | Nuwe paragraaf |
| interresant | Strepie onder die woord | Spelfout |
| × | Kruisie oor woord | Foutiewe woord |
| ( ) | Hakies | Foutiewe woordorde |
| ^ | Weglaatteken | Woord(e)/leesteken uitgelaat |
| T (in kantlyn) | Hoofletter T | Tyd verwarrend/foutief gebruik |
| ?/≀ (in die kantlyn) | Groot vraagteken/ kronkelstreep | Onduidelik/ onverstaanbaar |
| enough | Kring om woord | Engelse woord |
| hh | Dubbele *h* | Herhaling |
| Skryf die hoofletter of komma in | | Hoofletter/komma/punt |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5 TOESPRAAK

**Formaat:**

- Paragraafindeling volgens instruksies + Tussen 150 - 220 woorde

**Taal en styl:**

- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.

**Toespraak Inhoud:**

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Word al die aspekte wat in die opdrag genoem is, aangespreek?
  - Aanmoediging om doelwitte te bereik.
  - Waarskuwing oor uitdagende situasies.
  - Sê hulle moet hoogtepunte (doelwitte wat bereik word) vier (*celebrate*)

## VRAAG 6 E-POS

**Formaat:**

- Volgens voorbeeld taal en styl + tussen 60–100 woorde
- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.

**Inhoud:**

- Word daar voldoende aandag aan die riglyne geskenk?
- Word al drie aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?
  - Waarheen wil jy gaan?
  - Wanneer wil jy gaan?
  - Vra hoeveel dit gaan kos?

IEB Copyright © 2022

## D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

## VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="5">UITSONDERLIK</th><th colspan="3">KNAP</th><th colspan="5">VOLDOENDE</th><th colspan="4">ELEMENTÊR</th><th colspan="7">ONVOLDOENDE</th></tr>
<tr><td rowspan="2">INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR</td><td>12</td><td>11½</td><td>11</td><td>10½</td><td>10</td><td>9½</td><td>9</td><td>8½</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>96%</td><td>92%</td><td>88%</td><td>83%</td><td>79%</td><td>75%</td><td>71%</td><td>67%</td><td>63%</td><td>58%</td><td>54%</td><td>50%</td><td>46%</td><td>42%</td><td>38%</td><td>33%</td><td>29%</td><td>25%</td><td>21%</td><td>17%</td><td>13%</td><td>8%</td><td>4%</td></tr>
<tr><td>1. Respons en idees</td><td colspan="5">1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="3">1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="5">1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.</td><td colspan="4">1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees; kom nie by die punt uit nie.</td><td colspan="7">1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting.</td></tr>
<tr><td>2. Organisering van idees; vloei van leesstuk</td><td colspan="5">2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks.</td><td colspan="3">2. Goeie samehang van idees en teks vloei.</td><td colspan="5">2. Leesstuk minder vloeiend.</td><td colspan="4">2. Leesstuk hortend.</td><td colspan="7">2. Leesstuk baie onsamehangend.</td></tr>
<tr><td>3. Struktuur – Inleiding, slot, paragrafering<br>(12)</td><td colspan="5">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="3">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="5">3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute.</td><td colspan="4">3. Struktuur toon ernstige foute.</td><td colspan="7">3. Struktuur onvanpas.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td rowspan="2">TAAL, TOON EN STYL</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>94%</td><td>88%</td><td>81%</td><td>75%</td><td>69%</td><td>63%</td><td>56%</td><td>50%</td><td>44%</td><td>38%</td><td>31%</td><td>25%</td><td>19%</td><td>13%</td><td>6%</td></tr>
<tr><td>1. Toon, register, styl.</td><td colspan="3">1. Toon en register in die kol.</td><td colspan="3">1. Toon en register effektief.</td><td colspan="3">1. Toon en register gepas.</td><td colspan="2">1. Toon en register nie altyd gepas nie.</td><td colspan="5">1. Toon en register onvanpas.</td></tr>
<tr><td>2. Grammatika<br>(8)</td><td colspan="3">2. Grammatika feitlik foutvry, puik woordeskat; lees vlot; puik kommunikasie; geen tweede lees nodig nie.</td><td colspan="3">2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik.</td><td colspan="3">2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.</td><td colspan="2">2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.</td><td colspan="5">2. Besaai met taalfoute; betekenis verwarrend; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.</td></tr>
</table>

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022